DANIEL HEESE

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

Full Names	**Daniel Friedrich Siegfried Heese**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

Daniel Friedrich Siegfried, * Lessentin, Pommere 12.10.1833, † Riversdal 10.5.1905, s.v. Daniel Friedrich Heese en Wilhelmine Habermann, x Rynse kerk, Worcester 5.5.1861, Emma Pauline KINDERMANN, * Pyritz, Pommere 2.1.1837, † Riversdal 21.12.1910, d.v. Georg Friedrich Kindermann en Anna Regine Barthel.

Daniel groei in 'n arm maar vroom huis op en het reeds as seun die begeerte gehad om onderwyser te word en die Here te dien. Met groot persoonlike opoffering woon hy klasse by aan die Ottostift in Pyritz, 'n opleidingskool vir onderwysers. Op 27 September 1853 ontvang hy 'n onderwyssertifikaat graad een en begin sy onderwysloopbaan. In 1858 verneem Daniel dat die Berlynse Sendinggenootskap onderwysers soek om na Suid-Afrika te stuur — die doel was om 'n sentrale skool in Suid-Afrika vir die sendelinge se kinders op te rig. Daniel sien hier 'n geleentheid om die sending sowel as die onderwys te dien en was verheug om op 25 September 1858 met sy opleiding in die sendinginstituut in Berlyn te begin. Nadat hy 'n jaar lank die klasse daar gevolg het, is hy in September 1859 as sendingonderwyser na Suid-Afrika gestuur. By sy aankoms in Suid-Afrika het hy 'n paar maande by Esselen, 'n sendeling van die Rynse Sendinggenootskap op Worcester, tuisgegaan om Nederlands te leer en die skoolstelsel te bestudeer. Daarna is hy na Amalienstein, waar hy by die Schmidts tuisgegaan het. Sy bruid het hom twee jaar later na Suid-Afrika gevolg en hulle is in Worcester deur Esselen in die huwelik bevestig.

Dit het gou geblyk dat die keuse van Amalienstein as 'n skool vir die sendeling-kinders 'n verkeerde een was. Die stasie was nie sentraal geleë nie en die sendelinge het nie kans gesien om hulle kinders so ver van die huis af weg te stuur nie. Gevolglik het die aantal Blanke kinders verminder, maar met die Kleurlingskool het dit goed gegaan en Wangemann was met sy besoek in 1866 baie tevrede met die standaard van onderrig. Tydens Wangemann se besoek het Daniel met hom onderhandel oor die moontlikheid dat hy as sendeling georden kon word en Wangemann se reaksie was positief. Op aanbeveling van ds. Meent Borcherdts ondersoek Daniel die moontlikheid om op Riversdal met sendingwerk te begin. Hy kry toestemming en geldelike hulp van die komitee in Duitsland en op 28.4.1868 word Daniel op Amalienstein as sendeling georden en begin hy op 15 Mei 1868 sy lewenstaak as sendeling op Riversdal.

Die eerste jare was baie swaar, maar in 1869 kon die kerk ingewy word en reeds binne 'n maand na sy aankoms het Daniel met 'n skool begin. Baie gou was Riversdal 'n selfstandige sendingstasie wat alle onkoste en salarisse self gedra het. Daniel het ook gehelp met die stigting van 'n meisieskool op Riversdal in 1870 waar al sy eie dogters skoolgegaan en waar twee van hulle later onderrig gegee het. 'n Groot aantal buitestasies het ook rondom Riversdal ontstaan en die dienste wat Daniel daar gehou het, is goed bygewoon deur Kleurlinge sowel as Blankes. 'n Kenmerk van Daniel se werk was dat hy altyd die ondersteuning en respek van die mense van Riversdal en omgewing geniet het. Vanaf 1873 was dit nodig om 'n assistent vir hom na Riversdal te stuur. Daniel het ook met 'n buitestasie op

DANIEL HEESE

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

Full Names	**Daniel Friedrich Siegfried Heese**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

Daniel Friedrich Siegfried, * Lessentin, Pommere 12.10.1833, † Riversdal 10.5.1905, s.v. Daniel Friedrich Heese en Wilhelmine Habermann, x Rynse kerk, Worcester 5.5.1861, Emma Pauline KINDERMANN, * Pyritz, Pommere 2.1.1837, † Riversdal 21.12.1910, d.v. Georg Friedrich Kindermann en Anna Regine Barthel.

Daniel groei in 'n arm maar vroom huis op en het reeds as seun die begeerte gehad om onderwyser te word en die Here te dien. Met groot persoonlike opoffering woon hy klasse by aan die Ottostift in Pyritz, 'n opleidingskool vir onderwysers. Op 27 September 1853 ontvang hy 'n onderwyssertifikaat graad een en begin sy onderwysloopbaan. In 1858 verneem Daniel dat die Berlynse Sendinggenootskap onderwysers soek om na Suid-Afrika te stuur — die doel was om 'n sentrale skool in Suid-Afrika vir die sendelinge se kinders op te rig. Daniel sien hier 'n geleentheid om die sending sowel as die onderwys te dien en was verheug om op 25 September 1858 met sy opleiding in die sendinginstituut in Berlyn te begin. Nadat hy 'n jaar lank die klasse daar gevolg het, is hy in September 1859 as sendingonderwyser na Suid-Afrika gestuur. By sy aankoms in Suid-Afrika het hy 'n paar maande by Esselen, 'n sendeling van die Rynse Sendinggenootskap op Worcester, tuisgegaan om Nederlands te leer en die skoolstelsel te bestudeer. Daarna is hy na Amalienstein, waar hy by die Schmidts tuisgegaan het. Sy bruid het hom twee jaar later na Suid-Afrika gevolg en hulle is in Worcester deur Esselen in die huwelik bevestig.

Dit het gou geblyk dat die keuse van Amalienstein as 'n skool vir die sendeling-kinders 'n verkeerde een was. Die stasie was nie sentraal geleë nie en die sendelinge het nie kans gesien om hulle kinders so ver van die huis af weg te stuur nie. Gevolglik het die aantal Blanke kinders verminder, maar met die Kleurlingskool het dit goed gegaan en Wangemann was met sy besoek in 1866 baie tevrede met die standaard van onderrig. Tydens Wangemann se besoek het Daniel met hom onderhandel oor die moontlikheid dat hy as sendeling georden kon word en Wangemann se reaksie was positief. Op aanbeveling van ds. Meent Borcherdts ondersoek Daniel die moontlikheid om op Riversdal met sendingwerk te begin. Hy kry toestemming en geldelike hulp van die komitee in Duitsland en op 28.4.1868 word Daniel op Amalienstein as sendeling georden en begin hy op 15 Mei 1868 sy lewenstaak as sendeling op Riversdal.

Die eerste jare was baie swaar, maar in 1869 kon die kerk ingewy word en reeds binne 'n maand na sy aankoms het Daniel met 'n skool begin. Baie gou was Riversdal 'n selfstandige sendingstasie wat alle onkoste en salarisse self gedra het. Daniel het ook gehelp met die stigting van 'n meisieskool op Riversdal in 1870 waar al sy eie dogters skoolgegaan en waar twee van hulle later onderrig gegee het. 'n Groot aantal buitestasies het ook rondom Riversdal ontstaan en die dienste wat Daniel daar gehou het, is goed bygewoon deur Kleurlinge sowel as Blankes. 'n Kenmerk van Daniel se werk was dat hy altyd die ondersteuning en respek van die mense van Riversdal en omgewing geniet het. Vanaf 1873 was dit nodig om 'n assistent vir hom na Riversdal te stuur. Daniel het ook met 'n buitestasie op

DANIEL HEESE

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

Full Names	**Daniel Friedrich Siegfried Heese**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

> Herbertsdale begin en die werk het daar so uitgebrei dat dit in 1882 'n selfstandige sendingstasie geword het. Die sendingstasie en skool op Mosselbaai is ook deur hom begin. In 1880 is Daniel met tuisverlof na Duitsland.
>
> Daniel het gedurende sy loopbaan baie gepubliseer en het veral probeer om die behoefte aan skoolboeke aan te vul. Sy *Eerste Leesboekje* is 'n paar maal herdruk. Hy was ook medewerker met die druk van die gesangboek in Hollands vir gebruik in die Kleurlinggemeentes en het tot kort voor sy dood nog aktief in die gemeente gehelp.